higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEGINSELS VAN STRAFREGSPLEGING
NKR VLAK 2

(8021012)

9 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

346Q1S2009

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Hospies is 'n organisasie wat ...

A die bejaardes huisves.
B verkragtingslagoffers help.
C 24 uur per dag 'n telefoondiens lewer.
D terminale pasiënte help.

1.2 Watter EEN van die volgende beskrywings rakende korrektiewe dienste is foutief?

A Maak voorsiening vir die onmenslilke aanhouding en behandeling van gevangenes
B Verskaf ontwikkelingsdienste vir gevangenes
C Hou gevangenes in veilige bewaring
D Help met herintegrasie van oortreders in die gemeenskap

1.3 Die Nasionale Vervolgingsgesag ...

A beskerm die regte van beskuldigdes.
B besluit of 'n persoon skuldig of onskuldig is.
C verseker openbare vertroue in die strafregspleging.
D handhaaf wet en orde in die Departement van Verdediging.

1.4 Aansoek om ontslag van 'n beskuldigde word aan/by die ... gedoen.

A afsluiting van die verdediging se saak
B begin van die verhoor
C afsluiting van die staat se saak
D einde van die verhoor

1.5 Die uitkomste van herstellende geregtigheid is slagofferbystand, restitusie en ...

A strafmaatreëls.
B slagoffer- en oortrederkonferering.
C afskrikking.
D gemeenskapskonferering.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Aanhouding	A	om 'n formele uitspraak oor 'n geskil te lewer
2.2	Legitimiteit	B	om te staan by sake wat beslis is
2.3	Dagvaarding	C	om slegs met straf gemoeid te wees
2.4	Skend	D	om die bepalings van die reg aktief te oortree
2.5	Regspreuk	E	persoon wat sy/haar vryheid ontneem word
2.6	Bereg	F	om regsvoorskrifte en reëls na te kom
2.7	KGP	G	Kinderbeskerming- en Ondersteuningsdiensteprogram
2.8	KBOSP	H	Kindergetuieprojek
2.9	Punitief	I	uitdrukking van 'n algemene waarheid
2.10	*Stare decisis*	J	skriftelike bevel om in die hof te verskyn
		K	Kinderbeskerming- en Ondersteuningstelselprogram
		L	Kindergetuieprogram
		M	pleit skuldig

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Buitelandse reg word kragtens artikel 39 van die Grondwet erken.

3.2 Die strafregspleging maak voorsiening vir vigilantegroepe.

3.3 Die regsprekende gesag maak die wette van Suid-Afrika.

3.4 Die lede van die geregshof het in 1819 'n strafprosesregkode bekend as die Kroonverhoor uitgereik.

3.5 Vrywilligersdiens beteken jy ontvang van andere.

Kopiereg voorbehou

3.6 Misdaadondersoek is die funksie wat 'n studie behels van die feite wat met 'n misdaad verband hou ten einde die misdadiger te identifiseer en op te spoor en sy/haar skuld te bewys.

3.7 Munisipale polisiemagte is verantwoordelik vir die reg en verkeersoortredings.

3.8 Die Konstitusionele Hof is die hoogste hof vir alle grondwetlike aangeleenthede.

3.9 'n Rondreisende hof reis van plek tot plek.

3.10 Die Hof vir Klein Eise besleg eise wat nie R20 000,00 oorskry nie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Om iemand vir wrede of onregverdige behandeling uit te sonder

4.2 Optrede van die polisie wanneer hulle voorwerpe van 'n gearresteerde persoon wegneem

4.3 NRO waar 'n mens wreedheid jeens diere kan aanmeld

4.4 Gebied waaroor die regsgesag van 'n hof of ander instellings strek

4.5 Om afval in 'n ander bruikbare produk te verander

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

TWEE VROUE IN HEGTENIS GENEEM WAT TIENER NA BEWERING ONTVOER EN DWING TOT PROSTITUSIE



[Foto: *News24*, Kaveel Singh]

'n 17-jarige meisie van Noordwes is gered uit 'n vermeende bordeel nadat sy na bewering ontvoer en gedwing is om 'n prostituut te word, het die Valke op Donderdag gesê.

Haar vermeende ontvoerders het Woensdag kortstondig in die Lichtenburgse landdroshof verskyn op aanklagte van ontvoering, verkragting, seksuele uitbuiting en vrouehandel. Hulle mag nie geïdentifiseer word totdat hulle op die aanklagte gepleit het nie.

Die Valke se woordvoerder, kaptein Tlangelani Rikhotso, het gesê die twee vroue is verlede week tydens polisieoptrede in hegtenis geneem. Die vroue, wat onderskeidelik 20 en 22 jaar oud is, het die tiener na bewering op 8 April by 'n staptogpunt in Lichtenburg ontvoer.

'Daar word beweer dat die twee verdagtes ... die tiener gedwing het om prostitusie te beoefen, en dwelms en alkohol te verbruik,' het Rikhotso in 'n verklaring gesê.

Die Valke het op 'n wenk gereageer en die meisie met behulp van die taktiese reaksie-eenheid by die huis aangetref. Sy is na 'n plek van veiligheid geneem.

Die vroue sal in aanhouding bly tot hul volgende hofverskyning op 27 Junie.

[Aangepas uit: *News24*, 31 Mei 2018]

5.1 Noem die artikel en wet wat die Valke se bestaan magtig. (2)

5.2 Definieer die term *slagoffer.* (2)

5.3 Bespreek die verantwoordelikheid van die Eenheid vir Seksuele Misdrywe en Gemeenskapsake (SOCA). (5)

5.4 Verduidelik die verantwoordelikhede van die Valke. (5)

5.5 Noem enige VIER tipes pleite. (4)

5.6 Definieer die begrip *in camera*. (2)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Noem die inligting wat op die klagstaat moet verskyn. (5)

6.2 Noem TWEE organisasies wat die Departement Korrektiewe Dienste bystaan. (2)

6.3 Noem SES bronne van Suid-Afrikaanse reg. (6)

6.4 Verstrek SES redes waarom gemeenskapslede vrywilligerdiens behoort te verrig. (6)

6.5 Bespreek kortliks die *oppergesag van die reg*. (3)

6.6 Noem die DRIE oorspronge van die Suid-Afrikaanse strafregspleging. (3)

6.7 Noem VYF voordele van vrywilligerdiens. (5)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 7

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

REGSPREKENDE GESAG VAN SUID-AFRIKA



Die regsprekende gesag van Suid-Afrika is die liggaam van regters en landdroste wat in die howe van Suid-Afrika voorsit. Die regsprekende gesag is 'n onafhanklike vertakking van die staat, en is slegs onderhewig aan die Grondwet van Suid-Afrika en die wette van die land. Die regsprekende gesag vertolk die reg van Suid-Afrika deur as grondslag van sy vertolking gebruik te maak van die wette wat deur die Suid-Afrikaanse parlement uitgevaardig word asook toeligtende verklarings wat tydens die uitvaardiging in die wetgewer gemaak word.

[Bron: *Wikipedia*, 4 Julie 2018]

7.1 Definieer die volgende terme:

7.1.1 Onpartydig (2)

7.1.2 Voorbrenging (3)

7.2 Bespreek die kernbevoegdhede van die regsprekende komponent. (10)

7.3 Verduidelik die beginsel van *trias politica*. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou